

# Vorbereiding vir Kersfees

## - 'n 10-dag reis



- Dag 1** **Jesaja 7:14** “Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.”  
In die gedeelte van die Ou Testament word vertel van die Messias, Jesus, God by ons. Immanuel beteken: “God is by ons.” Dink daaraan, God is nie ver van ons af nie. Hy is nie van hierdie aarde verwyderd nie, daarom is ons nooit alleen nie. Ons is nie vergete en verlore nie. Bedank Hom daarvoor!
- Dag 2** **Jesaja 9:5** “Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.”  
Jesus is ons Wonderbare Raadsman. Hy is magtig en 'n ewige Vader. Hy is die een wat vrede bring. Het jy vandag vrede of leiding nodig? Vra vir God wat jy nodig het en bedank Hom vir Sy getrouheid.
- Dag 3** **Matteus 1:21** “Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”  
Daar is vir ons geen ander redding, behalwe deur Jesus Christus nie. Hy is ons enigste verlosser. Hy gee lewe en is die enigste weg. Bedank Hom dat Hy jou verlos van skuld, sonde en skande. Bedank Hom dat Hy die weg terug na die Vader toe is.
- Dag 4** **Lukas 4:18** “Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het my gestuur om vrylating vir gevangenis uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.”  
Jesus het gekom sodat ons die ewige lewe kan hê en op aarde in vryheid kan leef. Hy verkondig GOEIE nuus. Vra die Heilige Gees om vir jou te wys waar jy nog vasgevang, blind is of onderdruk word. Vra Hom vir die Waarheid wat vry maak.
- Dag 5** **Johannes 15:1** “Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer.”  
Soos die loot behoorlike voeding aan die wingerdstok verskaf, so is Jesus die bron van krag en genade vir ons. Hy voorsien wat ons nodig het om vrug te dra. Spandeer jy daagliks tyd saam met Hom? Dra jy vrug wat dié rondom jou voed? Vra Hom om leemtes op die gebied in jou lewe te openbaar en om jou verbintenis om meer tyd met Hom te spandeer, te vernuwe.
- Dag 6** **Matteus 11:28** “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.”  
Voel jy moeg en uitgeput ná die jaar? Voel jy oorweldig met wat huidiglik aan die gang is en angstig oor die toekoms? Jesus nooi jou uit om by Hom te kom rus. Spandeer tyd saam met Hom, gee jou laste en bekommernisse oor en laat die Heilige Gees toe om jou hart te bedien. Mag Sy teenwoordigheid jou die rus gee waarna jy verlang.
- Dag 7** **Openbaring 3:20** “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.”  
Jesus is gereed om Sy genade te deel met elkeen wat daarvoor vra. Het jy God se uitnodiging na ewige lewe aanvaar? Spandeer tyd saam met God en bedank Hom vir jou redding. Bid vir iemand wat jy ken wat ook Sy reddende genade nodig het.
- Dag 8** **Lukas 2:1-3** “In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling in die hele ryk gehou moet word. Hierdie eerste volkstelling het plaasgevind toe Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië. Almal het gegaan om hulle te laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe.”  
Vir Josef en Maria was hierdie bevel seker ontydig en ongerieflik, aangesien hulle vir 'n paar dae moes reis terwyl Maria ver swanger was. Maar God is in beheer van tyd, die volgorde van gebeure en die geskiedenis. Die gebeurtenis was perfek beplan sodat die profesie in Miga 5:1 in vervulling sou kom. Watter ongerief ervaar jy? Vra God se perspektief daarop en vertrou Sy perfekte beheer oor jou lewe.
- Dag 9** **Lukas 2:7** “Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.”  
Jesus word onder vreemde omstandighede gebore, in ag genome dat Hy 'n Koning was. Hy word in 'n stal gebore in plaas van 'n paleis. Hier vind jy God aan die werk in nederige omstandighede. Is dit waar Hy jou sal vind?
- Dag 10** **Lukas 2:10-11** “Toe sê die engel vir hulle: “Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here.”  
Die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld het plaasgevind! Nie net is Josef en Maria in ekstase nie, maar ook die engele in die hemel wanneer hulle die goeie nuus aan die herders oordra. Dit was goeie nuus vir alle mense. Het jy goeie nuus nodig? Wil jy groot vreugde ervaar? Dit is waaroor Kersfees gaan. Dit is wie Jesus is. Eer Hom en herinner ander ook aan die groot en wonderlike gebeurtenis! Amen.